

31 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:1-13

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:13

Leef vandag nuut onder die seën van God

Paulus nader die einde van hierdie brief aan die gelowiges in die stad Korinte. Hy sluit af met die Here se seën wat aan hulle toegesê word. So stuur hy hulle verder die lewe van elke dag in.

Sondae word ons aan die einde van die erediens ook met die Here se seën weggestuur wanneer ons verder met ons daaglikse lewe voortgaan. Elke oomblik van elke dag kan ons aan die Here se seën dink. Dis nie iets wat net vir 'n oomblik duur aan die einde van die diens nie. Dit dui eintlik op die voortdurende, seënryke teenwoordigheid van die Here by ons, elke oomblik van ons lewe. In die skool, in die werkplek, tuis, maak nie saak waar jy as gelowige jou bevind nie, daar is God seënend by jou lewe betrokke.

Sy seën behoort egter ook 'n invloed op ons lewens te hê. Wanneer jy dink aan die genade van die Here Jesus Christus, alles wat Hy vrylik aan jou uitdeel sonder dat jy dit verdien, wees bly en dankbaar. Mag sy genade jou ook vandag aanspoor om nuut te lewe en genadig teenoor ander te wees. Gaan vergewe daardie persoon teen wie jy al so lank iets in jou hart saamdra. Maak 'n toebroodjie en gee dit vir 'n honger persoon langs die straat, al verdien hy dit nie.

En dink weer nuut aan die liefde van God wat elke oomblik soos 'n ryke seën jou vergesel, waar jy ook al gaan. Daardie liefde van God ondanks jou sondes en gebreke, daardie liefde waarmee Hy jou opgetel het en sy kind gemaak het, daardie liefde waarmee Hy jou uit die dood na die lewe geruk het. En mag daardie liefde van God jou so aanraak dat jy vandag op 'n nuwe manier sy liefde gaan uitleef. Gaan doen iets vir iemand wat 'n probleem het, gaan luister en wees teenwoordig daar. Gee om vir iemand wat hartseer is, soek iemand anders se voordeel terwyl jy van jouself wegkyk. Laat jou liefde dade van omgee word.

Dit alles is net moontlik deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees. Ons word as gelowiges ook deur die gemeenskap van die Heilige Gees geseën. 'n Gemeenskap só innig dat die Gees selfs in ons woon en ons van binne lei. Hy maak ons harte elke dag nuut sodat ons ook tot 'n seën vir ander rondom ons kan wees, vol van God se liefde en genade.

Sing: Psalm 31:5, 15 (1936)

Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)